

ONTWERP: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye en 'n Kleurbylaagblad van 2 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

AFDELING A	Ontwerpgeletterdheid	–	Die taal van ontwerp	30 punte
AFDELING B	Ontwerp in konteks	–	Histories	30 punte
AFDELING C	Ontwerp in konteks	–	Kontemporêr	40 punte
 3. Lees die vraestel noukeurig deur voordat enige vrae beantwoord word.
 4. Daar is keuses by sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die opsies noukeurig deur en nommer jou antwoorde **duidelik volgens die vraestel**.
 5. Maak seker dat jy die **instruksies nakom** soos dit in die vrae gegee word.
 6. Begin **elke nuwe afdeling** op 'n nuwe bladsy.
 7. Gebruik die puntetoekenning om die tyd te bepaal wat aan elke vraag bestee moet word. Een punt word vir elke **gestaafde feit** toegeken.
 8. **MOENIE** dieselfde feite en voorbeelde vir verskillende vrae herhaal nie **EN** moet ook nie die voorbeelde wat in die vrae gegee word as deel van jou antwoorde gebruik nie, tensy jy spesifiek daarvoor gevra word.
 9. **Onderstreep** die name van ontwerpers en hul **ontwerpe** in Afdeling B en C.
 10. Dit is in jou eie belang om leesbaar en netjies te skryf.
-

AFDELING A ONTWERPGELETTERDHEID – DIE TAAL VAN ONTWERP**VRAAG 1 DIE ONTWERPPROSES**

- 1.1 Maak 'n aanbeveling, met redes, vir wat jy dink die nuttigste **navorsingsinstrument** is wat ontwerpers by die aanvang van die ontwerpproses kan gebruik. Verduidelik hoe dit ontwerpers in staat stel om die mense vir wie hulle ontwerp, te verstaan. (4)
- 1.2 Verduidelik waar 'n teikenmark 'n direkte invloed op die ontwerpproses kan hê. (1)
[5]

VRAAG 2 ONTWERPKOMMUNIKASIE

- 2.1 **Verwys na AFBEELDING A (Vraag 2) op die Kleurbylaagblad en beantwoord die volgende vraag.**

Identifiseer en verduidelik die strategieë wat in die **Fight for Food**-plakkate gebruik word om hul boodskap **oortuigend** oor te dra. Jy kan die volgende aspekte in jou bespreking gebruik:

- Visuele metafore
- Kontras
- Die gebruik van tipografie
- Medium

(6)

- 2.2 **Verwys na AFBEELDING B (Vraag 2) op die Kleurbylaagblad en beantwoord die volgende vrae.**

- 2.2.1 Identifiseer 'n oortreding van intellektuele eiendom op die plakkaat. (1)
- 2.2.2 Watter kommentaar oor verbruikersbewustheid word deur die visuele gebruik van die logo op die plakkaat gelewer? Motiveer jou antwoord. (2)
[9]

VRAAG 3 VISUELE ONTLEDING

- 3.1 Kies EEN van die *Afbeeldings C – E* (Vraag 3) op die Kleurbylaagblad en beantwoord die vrae wat volg. **Dui duidelik aan** watter **afbeelding** jy gekies het. **Ontleed die ontwerp** en maak seker dat jy die werklike ontwerpprodukte en nie die foto as sulks bespreek nie.

Teken die tabel hieronder oor en ontleed jou AFBEELDING volgens DRIE van die volgende **ontwerp-elemente**; verduidelik vervolgens hoe 'n **ontwerpbeginsel** met die element saamwerk. (Jy mag 'n beginsel slegs een keer gebruik.)

	Ontleed drie ontwerp-elemente	Verduideliking van ontwerp-beginsel
3.1.1	Tekstuur of	
	Kleur	
3.1.2	Patroon of	
	Ruimte	
3.1.3	Lyn	

(6)

- 3.2 Identifiseer en beskryf hoe EEN gestalbeginsel in AFBEELDING C werk.

(2)

[8]**VRAAG 4 TERMINOLOGIE**

Kies VIER van die volgende terme wat in ontwerppraktyk gebruik word en verduidelik hul betekenis duidelik. Jou verduideliking moet gerugsteun word deur kontemporêre ontwerpvoorbeelde om jou antwoord toe te lig.

- 4.1 Planogram
- 4.2 Maket/Ontwerpmodel
- 4.3 Bemerkingsamestelling
- 4.4 Objets trouvés
- 4.5 Inligtingsargitektuur
- 4.6 Heraanwending
- 4.7 Globalisering
- 4.8 Ontwerp vir langdurige gebruik
- 4.9 Multikulturalisme
- 4.10 Ikonografiese storievertelling

[8]

30 punte

AFDELING B ONTWERP IN KONTEKS – HISTORIES

Beantwoord die VRAAG in hierdie AFDELING in opstelvorm. (Die voorgestelde lengte van die opstel is drie tot drie en 'n halwe bladsy, afhangende van die handskrif.)

Maak seker dat jy die vraag direk aanspreek en struktureer jou opstel soos volg:

- 'n inleiding waarin jy die konteks van die vraag bespreek
- 'n hoofdeel waarin jy verwys na relevante style, ontwerpers en hul werke wat op jou antwoord betrekking het en waar jy die name van die ontwerpers en hul werke onderstreep
- 'n slot, waarin jy 'n bondige gevolgtrekking gee

Die rubriek hieronder sal gebruik word om jou opstel na te sien.

Struktuur	Logiese vloei van inleiding, hoofdeel en slot	2
Konteks/ Redenasie	Toepaslike kontekstuele verband met die antwoord Redenasie	7
Feite	Diepte van feitelike bespreking en verwysing na ontwerpers en werke wat met die antwoord verband hou <i>Ten minste TWEE ontwerpers; ten minste TWEE werke</i>	9
Ontleding	Gedetailleerde bespreking van strategiese werke	9
Terminologie	Toepaslike gebruik en vlak van ontwerptaal	3
Totale Punte:		30

VRAAG 5

Tema: Die Ontwerper as Superster

Stelling: Toe Memphis ontstaan het, het ontwerpers nie die status geniet wat hulle tans het nie. Die unieke Memphis-ontwerpe het oënskynlik 'n unieke karakter gehad. Mens kon nie help om hierdie ontwerpe raak te sien nie. Die ontwerpe het terselfdertyd die kleurvolle ontwerpers bekendgestel, wat saam met hul ontwerpe bekend begin word het; superster-ontwerpers wat net so beroemd soos hul ontwerpe is.

Oorweeg in 'n opstel of die supersterontwerper werklik die nalatenskap van Memphis is deur die invloede, doelstellings, eienskappe en stilistiese kenmerke van toepaslike ontwerp bewegings te ondersoek. Maak seker dat jy *ten minste TWEE* ontwerpers bespreek, elk vanuit verskillende bewegings in die postmodernistiese era. Verwys na *ten minste TWEE* werke van elke ontwerper om jou bespreking te motiveer **en** ter wille van ontleding.

30 punte

AFDELING C ONTWERP IN KONTEKS – KONTEMPORÊR**Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.****Leerders mag nie dieselfde inligting in verskillende antwoorde herhaal nie!****VRAAG 6 ONTWERP IN 'N KULTURELE KONTEKS**

- 6.1 Onderskei tussen inheemse en globale kultuur soos dit met spesifieke ontwerp-gevallestudies verband hou. (4)
- 6.2 Kulturele hibriditeit en die ontwerper wat vaardig is in toegepaste kuns staan sentraal daarin om die nalatenskap en bewaring van 'n ontwerp-erfenis in 'n kulturele konteks te verseker.
- Stem jy saam met hierdie stelling, of stem jy nie saam nie? Verduidelik jou standpunt met verwysing na 'n gepaste bekende ontwerpstuk. (4)
- 6.3 Bespreek die werk van TWEE kontemporêre ontwerpers, EEN plaaslik en EEN internasionaal, wat tot die skepping van 'n ontwerp-erfenis in 'n kulturele konteks bydra. Maak gebruik van die volgende riglyne:
- Name van TWEE ontwerpers (2)
 - Titels en 'n kort beskrywing van EEN werk *per ontwerper* (2)
 - Watter bewys is daar in hierdie TWEE ontwerpe dat hierdie ontwerpers tot die ontwerp-erfenis bydra? (8)
- [20]**

EN/OF**VRAAG 7 ONTWERP IN 'N OMGEWINGSKONTEKS**

- 7.1 Hoekom het bio-gebaseerde materiale onlangs so gewild begin raak? Sluit 'n verduideliking by jou antwoord in van wat bio-gebaseerde materiale is met verwysing na 'n bekende ontwerpstuk. (3)
- 7.2 Identifiseer 'n nuwe produksiemateriaal en verduidelik die sukses daarvan met verwysing na 'n spesifieke ontwerp-gevallestudie. (2)
- 7.3 Kies TWEE kontemporêre ontwerpers, EEN plaaslik en EEN internasionaal, en dui aan hoe hierdie ontwerpers en hul werke bygedra het tot volhoubaarheid deur die aanwending van volhoubaarheidsbeginsels en/of bio-nabootsing en deur die produksie-lewensiklus van die ontwerpe in ag te neem.
- Maak gebruik van die volgende riglyne:
- Name van die ontwerpers (2)
 - Bespreek minstens een ontwerp deur elke ontwerper (2)
 - Die spesifieke doelstellings, invloede, kenmerke en eienskappe (6)
 - Verduidelik hoe volhoubaarheid en/of bio-nabootsing en die produksie-lewensiklus in hierdie ontwerpe voorkom. (5)
- [20]**

EN/OF

VRAAG 8 ONTWERP IN 'N SOSIALE KONTEKS

8.1 Is stedelike akupunktuur en -vernuwing oppervlakkige ontwerp-oplossings of ware ontwerp-ingrypings wat menseregtekweessies kan aanspreek? Definieer hierdie terme duidelik en verduidelik jou standpunt deur na spesifieke ontwerp-gevallestudies te verwys. (6)

8.2 Die effek van ontwerp-erfenis word duidelik in die sosiale konteks ervaar: dit daag die bestaande orde uit en skep 'n ontwerp-erfenis wat 'n langtermyn gevolg het.

Bespreek TWEE kontemporêre ontwerpers, EEN plaaslik en EEN internasionaal, wat volgens jou mening 'n langtermyn verbintenis verteenwoordig ten opsigte van hul bevordering van mens-gesentreerde ontwerp, MIV-bewustheid en die uitdaging van vooroordeel en stereotipering.

Maak gebruik van die volgende riglyne:

- Name van die ontwerpers (2)
- Bespreek ten minste een ontwerp deur elke ontwerper (2)
- Die bepaalde doelstellings, invloede, kenmerke en eienskappe (6)
- Bespreek hoe die bevordering van sosiale transformasie deur mens-gesentreerde ontwerp wat vooroordeel en stereotipering uitdaag en MIV-bewustheid aanmoedig, waarneembaar is in hierdie ontwerpe. (4)

[20]

EN/OF**VRAAG 9 ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS**

9.1 Ontwerp-samewerking en massa-bronverkryging is besig om die skeppende insette van kontemporêre ontwerp en besighede te verander.

Verduidelik die verhouding tussen ontwerp-samewerking, massa-bronverkryging en intellektuele eiendom binne spesifieke ontwerp-inisiatiewe. (6)

9.2 Bespreek TWEE kontemporêre ontwerpers, EEN plaaslik en EEN internasionaal, wat 'n ontwerp-erfenis in 'n besigheidskonteks geskep het deur die ontwikkeling van hul handelsmerk of op die gebied van etiese verbruikersbewustheid, bestuursverantwoordelikheid en/of korporatiewe sosiale verantwoordelikheid.

Maak gebruik van die volgende riglyne:

- Ontwerpers se name (2)
- Die titel van 'n ontwerp deur elke ontwerper, insluitend 'n kort beskrywing (2)
- Bespreek hierdie werke met inagneming van die bepaalde doelstellings, invloede, kenmerke en eienskappe wat op ontwerp-erfenis betrekking het. (6)
- Verduidelik hoe hierdie ontwerpe ontwerp-erfenis beklemtoon deur hul toewyding aan die uitbou van 'n handelsmerk, etiese verbruikersbewustheid, bestuursverantwoordelikheid en/of korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid. (4)

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte